Dinsdag **13 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:1-21**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:14-15**

## Ken die Herder en sy stem

*"Ek is die ingang vir die skape"* (vs 7, 9) is die derde van Jesus se sewe "Ek is"-uitsprake in die Evangelie volgens Johannes. Die ingang spreek van toegang tot die kraal – toegang tot die skape self. Destyds, nadat die skape versorg is en vir die nag in 'n kraal toegemaak is, het die skaapwagter in die ingang van die kraal gelê en slaap. Dit het 'n tweeledige doel gedien – om die skape binne te hou en om ongediertes en veediewe weg te hou. Iets of iemand wat by die skape wou uitkom, moes eers by die herder verbykom. Vanuit die ingang kon die herder die skape rustig hou deur eenvoudig net met hulle te praat. Die kudde het die herder se stem geken en het die herder vertrou om hulle te beskerm en sou dan ook rustig raak.

Omdat die skape aan Hom behoort, versorg hy hulle met spesiale aandag. Wanneer die ooie moet lam, werk hy sagkens met hulle – maak hulle rustig. Die lammers wat swak is, help hy en dra hy in sy arms sodat hulle nie agter raak en deur wilde diere doodgemaak word nie.

In verse 11 en 14 verklaar Jesus, met die vierde "Ek is"-uitspraak, dat Hý die Goeie Herder is. Dat Hy sy eiendom – vir ons – met sy lewe sal beskerm, versorg en rus gee. Die skape, ons as sy volgelinge, is ook sy eiendom.

Daarom het ons 'n verantwoordelikheid. As vrygekoopte eiendom van ons Goeie Herder moet ons ook sy stem ken, weet wanneer dit Hy is wat met ons praat. Omdat ons Hom ken, kan ons Hom vertrou. Dan kan ons ook sing:

"En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking" (Ps 23-1:2).

*Sing: Psalm 23-1:1, 2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*